# Die Posduif

Nuusbrief van die NG Kerk Parys-Wes

NG KERK PARYS-WES

***Visie:** Gedring deur God se Liefde leef ons om Hom te verheerlik*
***Missie:** Geloof, Koinonia en Getuienis*

Jaargang 26 1ste Kwartaal 2025




## HOEKOM DIE BYBEL?

Heilige God en in Jesus Christus, ons hemelse Vader:
Ons dank U dat U u wil en Persoon aan ons
bekendgemaak het deur u Woord en deur u Gees.
Help ons om deur ons omgang met u Woord
U beter te leer ken en liefkry.
Jesus, ons Verlosser, ons aanbid U as die
vleesgeworde Woord wat deur die Vader
gestuur is om ons te verlos van ons sondelas.
U het God vir ons kom weerspieël
sodat ons Hom kan liefhê en dien.
Heilige Gees van God, ons loof en prys U as die Een wat
mense geïnspireer het om die Woord vir ons beskikbaar te stel.
Dankie dat U die Woord vir ons oopbreek en interpreteer
sodat ons God se bedoeling daarin kan ontdek.
Drie-enige God, ons aanbid U as die God
van die Woord en ons bely
met vreugde en dankbaarheid:
U is die Woord van die Lewe,
U is vir ewig vas en waar,
God openbaar Hom deur die onfeilbare en verhewe Woord!
Deur miskenning, deur gevaar bly u Woord betroubaar, vas en waar.
Niks sal ons laat bewe. In dié Woord het ons die lewe!
Amen

*Bron : Solly Ozrovech – Sy lig vir my lewenspad – Januarie.*
*Grafika : VERITAS COLLEGE INTERNATIONAL*

**HOEKOM DIE BYBEL?**

Die Diensgroep Getuienis van ons gemeente het by die laaste vergadering van 2024 besluit dat 2025 die jaar van die Bybel moet wees. Die Bybel is een van die boeke wat die meeste gelees word, maar soms besef ons nie die geweldige omvang daarvan nie.

Gedurende 2025 sal daar elke eerste Sondag van die maand ‘n gedagte rondom die Bybel in die afkondigings aangebring word.

Daar sal ook in die middel van elke kwartaal ‘n ietwat lywiger aanhaling of storie geplaas word.

Die Diensgroep Getuienis doen ook verdere navorsing om nog meer lyf aan die bogenoemde projek te bied. Onder andere kyk ons ook na ‘n BYBEL KIOSK op die kerkterrein, asook die beskikbaarstelling van Bybels aan diegene wat nie oor ‘n Bybel beskik nie. *Hannes van Vuuren*

**BEPLANNING VIR NG KERK, PARYS-WES**

Die Kerkraad het gedurende November 2024 'n ad hoc-komitee opdrag gegee om ondersoek in te stel na sekere aspekte van die gemeente se toekoms en om aanbevelings aan die Kerkraad te maak.

Die ad hoc-komitee het sy werksaamhede afgehandel en die volgende besluite van die Kerkraad is einde Februarie mondelings aan die gemeente oorgedra:

- **SAMESMELTING MET PARYS-SUID GEMEENTE**

Die gedagte het ontstaan om met Parys-Suid gemeente in gesprek te tree rakende ons gemeentes se toekoms. Die gedagte het hoofsaaklik gespruit uit die demografie van die NG Kerk in Suid Afrika en die feit dat gemeentes oral in die land sluit as gevolg van dalende lidmaatgetalle. As voorbeeld kan gemeld word dat in 2024 alleen ongeveer 50 gemeentes landswyd hulle deure gesluit het. Behalwe vir die feit dat lidmaatgetalle afneem, kan verder ook gemeld word dat daar in die Vrystaat alleen ongeveer 98 predikante in die bediening is waarvan byna die helfte afgetree of na aan die aftree-ouderdom van 60 jaar en ouer is. Dit bring die vraag van predikante per gemeente in die gesprek, met weinig jong en nuwe predikante wat gelegitimeer word.

Die gevoel was dat die tyd vir samesmelting nie ryp is nie en dat albei gemeentes sal voortgaan soos dit tans die geval is. Daar sal steeds hartlike samewerking tussen die gemeentes wees en daar sal daarna gestreef word om die vriendskapsbande te verstewig. Die ad hoc-komitee het trouens voorgestel dat vriendskapbande met alle gemeentes in Parys gesmee word.

- **GEMEENTEBEDIENING**

Die Kerkraad het 'n groot behoefte uitgespreek dat daar meer aandag en tyd aan gemeentebediening bestee word. Die woord gemeentebediening skep onmiddellik die vraag: maar wat is die erediens dan elke Sondag? Is dit nie

gemeentebediening nie? Sekerlik is dit gemeentebediening. So ook die bidure en ander aktiwiteite in die gemeente.

Die vraag ontstaan dan – is gemeentebediening dan nie ook die bediening van lidmate onder mekaar nie? Die samesyn en betrokkenheid van die lidmate oor die algemeen in die gemeente?

Die Kerkraad is 'n klein groepie mense wat nie noodwendig altyd al die wysheid in pag het nie en daarom vra die Kerkraad u as lidmate se mening en voorstelle oor hoe Parys-Wes se gemeentebediening behoort te lyk.

Insette deur gemeentelede sal waardevol wees en waardeer word.

- **BEROEPING VAN LERAAR**

Vir die eerste keer in bietjie meer as 20 jaar moet die Kerkraad 'n beroep uitbring vir 'n leraar vir die gemeente.

Die kerkraad het 'n pre-advieskomitee aangewys en die beroepingsproses het reeds 'n aanvang geneem. Die Kerkraad onderneem om u as gemeente in hierdie verband op hoogte en ingelig te hou.

- **SLOT OPMERKING**


'n Hoofstuk in die 2020-vertaling van die Bybel het as opskrif, *"Gedigte oor tyd en gebeurtenisse".*

In die 1983 vertaling is die opskrif *"Elke ding het sy vaste tyd".*

In die 1933 vertaling is die opskrif *"Elke ding het sy tyd soos God dit bepaal".*

Ek verwys natuurlik hier na Prediker 3.

*Attie du Plooy*



## NG Kerk Parys-Wes: Voltydse leraar

Deur Kerkbode / 5 Maart 2025 / Gewild, Vakatures Aantal kere gelees: 125

Die advertensie was op van 5 Maart 2025 in die Kerkbode.
Sluitingsdatum vir aansoeke – 31 Mei 2025

**ONS SENIOR BURGERS (80 jaar en ouer)**
Baie geluk en seën vir die nuwe lewensjaar. Here, my erfdeel, my beker, U bepaal my lot. Die meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval, ja, my erfenis is vir my mooi. Ps 16:5/6.(2020)

**JANUARIE**
15 – Poppie Potgieter (83): Tannie Poppie ondervind probleme met haar hart, sy loop swaar en het twee maal geval. Sy is dankbaar vir haar sig en kan nog doen wat sy moet.

**FEBRUARIE**
05 –Marie Lombard (89): Geen klagtes nie en baie dankbaar dat sy nog in die Here se diens kan staan.
07 - Bets Joubert (81): Dit gaan goed en sy het nie klagtes nie.
07 – Hannes de Wet (80): Hy is onder doktersbehandeling en dit gaan goed, ook as gevolg van die uitstekende versorging wat hy geniet!
17 – Coenie Pullen (94): Tannie Coenie is besig om haar sig te verloor. Dit kan nie verbeter nie maar die dokter probeer om dit te stabiliseer sodat dit nie verder agteruit gaan nie. Verder gaan dit goed.
29 - Hannah Visser (89): Dit gaan goed. Sy woon nog in haar huisie, maar oorweeg dit om na haar kinders te verhuis.

**MAART**
02 – Hansie Bekker (82): Dit gaan baie goed. Hy het geen klagtes nie en bly besig.
03 – Lasya Beukes (80): Dit gaan goed en sy bly besig.
03 – Elsie Saunders (84): Dit gaan baie goed en elke dag is ‘n onverwagte genade. Hulle doen al die werk in hulle huis en tuin nog self!
06 – Kobus Cronje (91): Feoni sê dat haar pa nou baie swak en bedlêend is. Hy het gelukkig nie pyn nie.
15 – Trynie Oosthuizen (83): Dit gaan goed. Daar is ‘n probleempie met een nier, maar verder het sy nie klagtes nie.
25 – Elsa Geldenhuys (83): Sy het inflammasie in haar een been en dit gaan so hop-hop. Verder nie klagtes nie.
27 – Babsie Stone (88): Gaan goed, osteoperose in haar nek en rug gee probleme maar sy bly nog aan die gang.
30 – Willie Burger (88): Met sy gesondheid gaan dit redelik, hy het ‘n pyntjie hier en daar maar niks ernstigs nie.
30 – Frieda Claassen (86): Dit gaan goed met tannie Frieda en sy is baie dankbaar!

**2024 MATRIEKS**

Baie geluk aan Juné Lister, Caylin Pretorius, Wian Viviers, Aleczander Grobbelaar en Suré de Swardt met verlede jaar se matriekuitslae. Julle kan trots wees op jul harde werk en deursettingsvermoë. Laat dit vir

julle 'n aanmoediging wees om die nuwe fase in julle lewe ook op 'n positiewe noot aan te pak. Sterkte vir die toekoms!

**WELKOM AAN NUWE GEMEENTELEDE**

Elke gemeente is ook 'n lewende organisme en daar is maar altyd beweging – ook van lidmate en aktiwiteite. Hartlik welkom aan die volgende lidmate wat die afgelope paar maande by Parys-Wes aangesluit het. Ons vertrou dat julle reeds welkom voel en wil julle graag uitnooi om aktief betrokke te raak by die verskillende aksies in die gemeente. Kontak gerus die kerkkantoor om meer inligting daaroor te kry.

- Paul Keyter vanaf NG Gemeente Bethlehem-Eureka (Wyk: Delver)
- Ds Lisa Holthauzen vanaf NG Gemeente Vryheid-Suidoos (Wyk: Koppieskraal)
- *Johan en Hanien Cloete, saam met hul seuns, Christiaan en Daniël vanaf Parys-Oos gemeente (Wyk: Pistoriusrust M1)*
- *Cecilia Swanepoel vanaf Waterberg gemeente (Wyk: Pistoriusrust M1)*
- *Willem en Drien Williams en kinders Kaylene en Ruhan vanaf NG Riebeeckstad (Wyk: Reading)*

**DOOP**



Die doopgeleentheid op Sondag, 16 Februarie 2025 was vir Paul en Marlene Noomé 'n besondere geleentheid toe twee kleinkinders, Lara du Toit en Emmi Euler hier Parys-Wes gedoop is. Die ouers, Jacques en Lize du Toit van Kimberley en Heinreich en Mireille van Rustenburg het besluit om hier te doop en die geleentheid was ook 'n groot familie-byeenkoms met die ander grootouers Johan en Nelia du Toit van Reebok naby Mosselbaai (1100km) en Ansa Euler en oom Emile Euler van Rustenburg wat ook hier was. Hartlik geluk aan die doopouers, grootouers en ook ander familie en vriende wat hier was. Dit was 'n groot geleentheid en ons glo dat Lara en Emi vir julle 'n groot vreugde sal wees.

*Foto: Marlene Noome*

*Wees versigtig hoe jy leef: Jy is dalk die enigste Bybel wat iemand te lees kry - Kriss Akabusi*

**KERSKOSPROJEK 2024**



Namens die Diensgroepe Getuienis en Diens van Barmhartigheid, hartlike dank aan elkeen wat ‘n bydrae gemaak het met die fondsinsamelings vir die Kerskosprojek 2024. Die mooi bedrag van R16 137.00 is bygedra en elke sent is gebruik om kos aan te koop. Die waarde van die Kerskospakkies was R390.00 elk. Die kos wat met die balans aangekoop is, sal maandeliks by die pakkies, waarvoor daar net R90 elk begroot is, ingesluit word. Baie dankie ook aan elkeen wat tydens die Kersliedere by kerslig-geleentheid iets vir die kerspakkies gebring het. Daar was genoeg om vir elke familie nog so ietsie ekstra te gee.

Dankie weereens aan die Weiveld Boerevereniging vir die voorsiening van die mieliemeel vir die kospakkies. Ons kry die meel reeds meer as twee jaar.

**BESOEK AAN MPONENG PRIMARY SCHOOL**


Die NG Kerk Parys-Wes se betrokkenheid by die Mponeng Primary School in die Dome, strek oor meer as 40 jaar. Die Diensgroep Getuienis het Mponeng weer op Vrydag, 29 November 2024 besoek en, na ‘n kort boodskap deur ds Letsele van die NG kerk in Tumahole, is die kinders met waatlemoen, koek, ens bederf.



Daar word ook jaarliks ‘n Bybel aan die jaar se beste presteerder gegee en vir 2024 is die Bybel aan Magtalinah Johnson oorhandig.

Dankie aan almal wat gehelp het met die dag en skoolhoof, René Jordaan, wat die nodige reëlings vir die besoek getref het.

**WêRELDBIDDAG VIR VROUE 2025**



In die mooi ou kerkgebou van die Moedergemeente van Parys, is die 95ste Wêreldbiddag vir Vroue op 7 Maart gehou. 'n Wonderlike gedagte dat hierdie instelling oor so baie jare dwarsoor die wêreld, van sonop in die Ooste tot sononder in die Weste nog gehandhaaf word. Aan die Here die eer daarvoor!

Die opstellers van die **Program vir 2025** kom van die Cook-eilande, versprei in die Stille Oseaan, aan die Noord-Ooste kant van Nieu-Seeland. Hoewel hulle selfregerend is, is hulle nou verwant aan Nieu-Seeland en het beide Engels en Maori as amptelike tale. Die Evangelie is in 1821 deur die Londense Sendinggenootskap na die Cooke-eilande gebring en vandag is 98% van die bevolking Christene waarvan 66% Protestante is.

Vir die **tema** van vanjaar se biduur **is Ps 134: 14** gekies: "U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep". Dié Psalm van Dawid (vers 1-18) wat soos baie van die ander Psalms 'n pragtige stuk poësie is en daarom baie persoonlik en ook gevoelvol is, val in 3 dele uiteen:

- Uit **vers 1 - 6** wat begin met "U sien dwarsdeur my, U ken my", maak Dawid die gevolgrekking dat God se intieme betrokkenheid by hom, nie aan sy verlede behoort nie, maar sy hede: by dit wat hy dink, wat hy doen, waarheen hy reis, wat hy gaan sê.
- In **vers 7 - 12** ontwikkel 'n beklemmende gevoel by Dawid, hy wil vlug van God maar daar is geen wegkomkans nie - nie na die Ooste of die Weste of selfs die nagtelike duisternis nie - God is oral en sy planne om te vlug is futiel.
- In **vers 15-18** verander sy benoudheid in 'n diepe troos as hy besef hy dat hy nie hoef nie te vlug nie - dat dié God wat alles van hom weet, hom aanvaar, in liefde omsluit, beveilig en beskerm. Dis die Evangelie: ons word deur God geken en bemin soos ons is (vs 15). Ons hoef nie 'n rol te speel nie, 'n beste voetjie voor te sit nie.

Die boodskap sluit af met 'n aanhaling uit Rick Warren se boek, Die Doelgerigte Lewe *: "Jou geboorte was geen fout of vergissing nie. God het jou gemaak dat Hy jou kon liefhê".*

**Ten slotte:** Sien jousélf as 'n kosbare en geliefde kind van God. Behandel ánder mense as kosbare en geliefde kinders van God.

Daar is tussendeur met orrelbegeleiding gesing en spontaan aan stil en hardop gebede meegedoen. *Suna Meyer / Grafika : Verskaf*

## NGK PARYS-WES SING KERSLIEDERE BY KERSLIG

Almal is uitgenooi na ‘n geleentheid om op Saterdag, 14 Desember by die kerk kersliedere te kom sing. Vanaf 17:00 het almal saam om piekniekmandjies gekuier voordat daar heerlik, met klavierbegeleiding deur Hermien, kersliedere gesing is. Daarna het almal na die kerk beweeg waar daar kerse uitgedeel is. Dit het ‘n baie gewyde atmosfeer, net reg vir die geleentheid, geskep en die aand is paslik met *Stille Nag* afgesluit.

‘n Versoek is aan almal gerig om ‘n blikkie nie-bederfbare kos vir die kerskosprojek te bring en daar is ‘n heelwat ontvang.

Baie dankie aan die persone wat die geleentheid gereël het, aan Hermien vir die begeleiding en aan elkeen wat ‘n blikkie gebring het. Dankie ook aan almal wat in die geleentheid gedeel het.



Ons vertrou dit sal ‘n vaste item op ons kerk se kalender word.

## JEUGAKSIE

Die Jeug het die jaar met 'n ribburger-verkoping afgeskop. Daar is terselfdertyd 'n speletjies-aand by die kerksaal aangebied. Daar is benewens wegkruipertjie deur die hoërskoolkinders in die Toring Klerekas (*jammer dames*) ook veerpyltjies, tafeltennis en pluimbal gespeel.

Tydens die mini-basaar is daar kettie geskiet, hindernisbaan gedoen en malvalekkers gebraai. Carl en Anneke het hul springkasteel gebring waarop die kinders heerlik baljaar het.

Dankie aan dominee Barry, Hein, Liana en Wilma wat aanhou om 'n positiewe verskil in ons kinders se lewens te maak. Dankie aan elke gemeentelid wat ons jeug so getrou ondersteun, belangstelling toon in hul belange en altyd 'n glimlag vir hul het. Dankie aan elke ouer wat hul kinders kerk toe bring.

Ons weet Parys-Wes se kinders gaan nog deur die Here se genade groot hoogtes bereik.

*Yolande Potgieter*

## UIT DIE KERKKANTOOR

### GLENIFFER-ETE

Die ±60 inwoners van Glennifer is weer op 18 Februarie bederf met heerlike ribburgers en bykosse wat deur ons gemeente voorgesit is. Dankie aan ons span dames wat die etes voorberei het, asook gemeentelede wat op een of ander wyse bygedra het om die ete vir die inwoners moontlik te maak.

### MINI-BASAAR

Vrydag, 28 Februarie 2025 was dit weer mini-basaartyd. Die basaar was weereens ‘n heerlike lekker saamkuier-geleentheid en is baie goed bygewoon en ondersteun. Die gewone etes en lekkernye is aangebied, en daar was ook ‘n vleistafel, springmielies en die klerewinkel. Yolande-hulle het weer die kinders buite besig gehou – sien stukkie onder Jeugaksie.

Ons dank aan die Here vir die mini-basaar en die mooi bedrag van ongeveer R27 000 wat dit opgelewer het. Dankie ook aan almal wat georganiseer, gehelp, bygedra en ondersteun het om ‘n sukses van die geleentheid te maak.

### ONDERHOUD VAN KERK

Daar is onlangs hard gewerk om die barste in die kerksaal en die kantore te herstel en oor te verf. Die herstel het ongelukkig nie daar opgehou nie en nou is die konsistorie aan die beurt. Die mure in die konsistorie het ook gekraak en daardie mure word op hierdie stadium reggemaak. Die herstelwerk behoort binnekort afgehandel te wees.

### ONS EN DIE BYBEL – *‘n Verhaal*

Baie jare gelede, op 'n Kersdag, het 'n baie ryk man wat geen vrou of kinders en geen ander familielede gehad het nie, besluit om die werknemers van sy herehuis vir ete te nooi. Hy het die personeel gevra om by die tafel aan te sit. Voor almal was daar 'n Bybel en 'n klein bedraggie geld.

Nadat almal hul aandete geëet het, het die ryk man gevra: "*Wat sal jy verkies om as geskenk te ontvang - hierdie Bybel of hierdie geld? Moenie skaam wees nie, jy kan kies wat jy wil hê?*

Die veiligheidswag was die eerste om te reageer: “*Meneer, ek sal graag die Bybel wil ontvang, maar aangesien ek nie leer lees het nie, sal die geld vir my nuttiger wees.”*

Die tuinier was die tweede om te praat: “*Meneer, my vrou is baie siek en daarom het ek meer geld nodig, anders sou ek vir seker die Bybel kies”*

Die derde was die kok: “*Meneer, ek lees graag om die waarheid te sê, dit is een van die dinge wat ek graag doen, maar ek werk so hard dat ek nooit tyd kry om deur 'n tydskrif te blaai nie, wat*

*nog te sê die Bybel. Ek sal die geld vat."*

Die laaste een om te reageer, was die seun wat na die diere van die herehuis omsien. En aangesien die ryk man van die villa geweet het dat die seun se familie baie arm was, het hy gesê: "*Jy wil sekerlik ook die geld hê, nie waar nie? Sodat jy nuwe skoene en kos om lekker by die huis te eet, kan koop?"*

Maar die seun het almal verras met sy antwoord: "*Dit sal nie skade doen om 'n kalkoen en ander lekker kos te koop om met my ouers, broers en susters te deel nie. Ek het ook 'n paar nuwe skoene nodig, want myne is baie oud. Tog sal ek die Bybel kies, want ek wou nog altyd een hê. My ma het my geleer dat die Woord van God meer werd is as goud en dat dit lekkerder is as 'n heuningkoek."*


Nadat hy die Bybel ontvang het, het die seun dit dadelik oopgemaak. Hy het twee koeverte binne gekry. In die eerste was daar 'n tjek vir 10 keer meer as die geld wat op die tafel was. In die tweede was daar 'n dokument (Testament) wat wie ook al die Bybel sou kies, die erfgenaam van die ryk man se rykdom sou maak.

Gekonfronteer met die seun se emosie en die verbasing van die ander werkers, het die ryk man een van die Bybels oopgemaak en hardop uit Psalm 19:8-9 gelees sodat almal kon hoor:

*"Die wet van die Here is volmaak, dit gee nuwe lewenskrag; die bepalings van die Here is betroubaar, dit gee wysheid aan die onkundiges. Die opdragte van die Here is reg, dit maak die hart bly; die gebod van die Here is suiwer, dit verhelder die oë".* *(2020)*

Mag God ons wysheid gee en ons help om altyd die regte keuse te maak.

*Anoniem*









Dries de Jager en die span het die gemengde pare kampioenskappe by Parys se Rolbalklub gewen.

**ONS JEUG**.

Dankie aan Hein, Yolande en ander wat ‘n hart het vir ons jeug en wat hul aan die gang hou tydens gemeente-funksies soos die basaar sodat hul ook altyd welkom en deel daarvan voel.



**MINI-BASAAR 2025**



**Kleuterhoekie Kleuterskool** is een van die instansies in die gemeenskap wat van die kerk se fasiliteite gebruik maak. Hierdie foto is tydens hul jaarlikse konsert in 2024 geneem. *Foto : Dries*



*Kommentaar oor of bydraes vir die Posduif kan gestuur word aan Hansie of Elize Bekker by hansieb@lantic.net.    Foonnommer:  082 820 4306*